# SEËNING OP DIE BROOD

O God, die Ewige Vader, ons vra U in die naam van u Seun, Jesus Christus, om hierdie brood te seën en te heilig aan die siele van al diegene wat daarvan gebruik; dat hulle dit mag eet ter gedagtenis aan die liggaam van u Seun, en voor U, o God, die Ewige Vader, mag getuig dat hulle gewillig is om die naam van u Seun aan te neem, en Hom altyd in gedagtenis te hou, en sy gebooie wat Hy aan hulle gegee het, te bewaar, sodat hulle altyd sy gees met hulle mag hê. Amen.

## SEËNING OP DIE WATER

O God, die Ewige Vader, ons vra U in die naam van u Seun, Jesus Christus, om hierdie water te seën en te heilig aan die siele van al diegene wat daarvan drink, dat hulle dit mag doen ter gedagtenis aan die bloed van u Seun, wat vir hulle gestort is; dat hulle voor U mag getuig, o God, die Ewige Vader, dat hulle Hom altyd in gedagtenis hou, sodat hulle sy gees met hulle mag hê. Amen.

© IRI. (*Sacrament Prayer Card* Afrikaans) 11/80 Printed in USA

AFRIKAANS
4 02331 33501 9
33133 501